



## Bind vriende saam rondom 'n oop Bybel


Uitgawe # 5

# Saai en maai...

### Verwelkoming en Gebed

*Here, ons is so gewoon daaraan om onself elke dag voor te berei vir die lewe, leer ons vandag om innerlik voorbereid te wees. Amen*

### Kyk terug... Hoe het verlede week se boodskap deel geword van jou lewe?



### LEES

## Matteus 13:1-23

### Gesprekspunt #1

- Wat is die boodskap van hierdie gedeelte?

*Die boodskap (saad) van die Koninkryk is die goeie nuus (evangelie) van Jesus Christus.*

- Hoekom het die saaiër die saad so mildelik (oovloedig, vrygewig) gesaai?
- Hoekom is God so vrygewig om die boodskap van die Koninkryk op ALLE tipe oppervlaktes/grond te saai?
- Wat moet ons doen om hierdie onvrugbare grond weer vrugbaar te kry?

Daar is 'n klompie natuurwette wat 'n invloed het op ons wêreld en die heelal. Neem, byvoorbeeld, swaartekrag as natuurwet; swaartekrag kan deur 'n vliegtuig of helikopter gemanipuleer word wanneer hulle wil opstyg. Maar as die enjins in die lug afgeskakel word, dan neem swaartekrag oor, met ander woorde, "what goes up MUST come down." (wat opgaan MOET weer afkom) Die vliegtuig en die helikopter word afgetrek na die grond toe.

Saai en oes is ook natuurwette. Jy kan nie koringsaad saai en appels oes nie. Jy kan nie appelsaad plant en koring oes nie. Wat jy saai SAL jy maai.

Omdat ons nie van hierdie natuurwette kan ontsnap nie, moet ons ook nie die bonatuurlike wette van God onderskat nie. Hierdie wette is ongelooflik belangrik - en kragtig. Hierdie wette van God word meer dikwels verontagsaam en geïgnoreer.

Wat jy saai sal jy maai. Wanneer jy uitgedaag word, deur vervolging, woede, veroordeling, bespottig, laster, haat, uitsluiting, rassisme, versaking, en dies meer, moet jy dadelik stop, jouself verootmoedig, en vra, "Hoe het ek iemand so te ná gekom?"

## LEES

## Galasiërs 6:1-10

### Kern- fokus

**Galasiërs 6:7 Moenie julleself bedrieg nie. God laat nie toe dat iemand met Hom spot nie. Dit wat jy plant, sal jy ook oes.**

**Galasiërs 6:8 As jy jou lewe gaan inplant op die terrein van die sonde, sal jy die dood as oes ontvang. Aan die ander kant, as jy jou lewe inplant op die terrein van die Heilige Gees, sal jy die ewige lewe as oes van Hom ontvang.**

*(Die Boodskap-vertaling)*

## Gesprekspunt #2

1. Wat het jou getref in hierdie gedeelte?
2. Noem sommige van die goeie saad wat ons saai? Sal dit die moeite werd wees om dit te oes?
3. Noem sommige van die slegte saad wat ons saai? Sal dit die moeite werd wees om dit te oes?
4. Hoekom maai (oes) ons wat ons saai?
5. Watter dink jy is die hoofgedagte in hierdie gedeelte?
6. Hoe sal dit lyk as gelowiges/Christene hierdie boodskap in hulle lewens begin toepas?
7. Wat is Jesus besig om vir jou te sê as jy nadink oor hierdie gedeelte?
8. Hoe kan jy hierdie boodskap deel maak van jou elke daagse lewe?

Ons moet begin toelaat dat God vir ons wys hoekom ons oes wat oes. Moenie langer toelaat dat jou emosies jou verstrengel nie. God wil jou red van hierdie einste saad wat jy gesaai het wat nie Sy vrug gaan dra nie. As jy jouself voor God verootmoedig, dan sal jy ook die nodige genade ontvang om hierdie goddelose saad wat jy gesaai het uit jou lewe te verwyder. Wanneer jy hierdie goddelose saad verwyder, verwyder jy ook die onaangenaamheid van 'n goddelose oes. Saai nuwe saad waar die goddelose saad verwyder is. Saai die goeie dinge van God, sodat jy God se goeie dinge kan oes.

## Kyk in die spieël

*Doen dit by die huis*

God wil hê dat ons die goeie dinge van die hemel sal beleef (oes):

- Wat saai jy op hierdie oomblik wat nie van God is nie?
- Wat moet jy begin doen om die goeie saad van God in jou lewe te saai?
- As iemand iets goddeloos in jou lewe gesaai het, wat kan jy doen om dit te bowe te kom?

## Gebedsversoeke

## Uitsending

*Genadige God, ons is nie werd om heerlikheid te ontvang nie. Die heerlikheid behoort net aan U. Help ons om lewens te leef wat U sal verheerlik. Help ons om altyd gereed te wees wanneer ons U stem hoor. Amen.*

Wie gaan die volgende #CCC fasiliteer?

Plek:  
Datum:  
Tyd: